

# Sink

BRETT MICHAEL INNES, VERTAAL DEUR ELNA VAN DER MERWE (TAFELBERG)

*Sink* is 'n bloedstollende mengsel van verdriet, vergifnis en verhaalkuns. Dis die Afrikaanse weergawe van Brett Michael Innes se *Rachel Weeping* wat deur Tafelberg-uitgewers uitgereik is onder dieselfde titel as die flik, wat in 2016 by die loket gedraai het.

Elna van der Merwe se vertaling is so gemaklik en taaleie dit kon netsowel die brontaal gewees het. Dit lees so gemaklik dat jy beswaarlik die boek kan neersit.

Die verhaal van Rachel, 'n huiswerker van Mosambiek, en haar pad na genesing sal enige mens aan die hart gryp. Haar dogter, Maia, die spil waarom haar lewe draai, sterf in die sorg van haar Afrikaanse werkgewers, Chris en Michelle Jordaan, wat in 'n luukse huis in Johannesburg woon. Sy word voor die keuse gestel: Verlaat die diens van die mense wat haar 'n inkomste gee of beur voort en werk vir hulle wat vir die dood van haar kind verantwoordelik is.



Die boek is gefokus: Dit gaan om vergifnis en verlies, al raak dit skrams aan sosiaal-maatskaplike kwessies soos xenofobie en die skreiende ongelykheid in enige ontwikkelende staat; in hierdie geval Suid-Afrika.

Die karakters se uiteenlopende agtergrond word doeltreffend gekontrasteer deur 'n achronologiese terugflits-verteltechniek, wat ook in die flik gebruik is. Dit versnel die pas en dra by tot die spanningslyn. 'n Passief-aggressiewe ongemak tussen die twee vroue bou so op dat die klimaks tot 'n allesoorweldigende katarsis lei.

Soms is vertalings van 'n Engelse roman in 'n veeltalige Suid-Afrika onnodig, maar *Sink* in romanformaat gee ekstra bene aan 'n aangrypende storie en deur die boek ook die titel van die flik te gee, kry die storie kommersieel meer stukrag. – **Annami Mailovich**

## Te veel sorge

HANS PIENAAR (ALTOVIOLET)


Dit is seldsaam dat jy 'n boek lees waarin min gebeur, maar dit steeds veel substansie het. Hans Pienaar se *Te veel sorge* is só 'n boek. Die verskeie korter verhale, vignettes, observasies en interaksies is boeiend; by tye intiem, selfondersoekend en interessant.

Hans beskryf sy boek as 'n "verhaal in stukke". Dis 23 "stukke" waarvan sommige met mekaar verband hou en ander op hul eie staan.

Die eerste verhaal speel in Abuja in Nigerië af waar die leser die eerste keer te doen kry met die sentraalste karakter, "Van", hoewel sy naam dan nog nie bekend is nie. Die berese skrywer se beskrywing van die woelinge van dié stad, en veral die mense, is besonder goed. Die koersagtige rit in die taxi, die saamkloek van gelowiges by 'n moskee en die oorkoepelende vyandigheid word pragtig beskryf.

Vandaar is daar 'n pieknik by 'n orkesuitvoering in Johannesburg waar twee vriende 'n intellektuele gesprek voer oor Leo Tolstoi se *War and Peace*, met fragmente uit dié werk wat dié "stuk" deurweef.

Daar is 'n erotiese verhaal wat as anekdote aangebied word; 'n brief aan die Waarheid-en-Versoeningskommissie; 'n besoek aan 'n polisiekantoor om 'n kaping aan te meld. Daar is selfs 'n Kafka-agtige



verhaal waarin die verteller in sy swembadsuier verander, met 'n element van erotiek. En 'n affair met 'n Joodse gastehuseienaar.

Uiteenlopend? Ja, en ook nee.

Hoewel die skrywer telkens terugkeer na Melville, Johannesburg, waar Van probeer boete doen vir 'n flater waarin verskeie weduwees hul spaargeld kwyt is, kan die deurlopende tema verwoord word soos op bl. 169: "Wat is Afrika?"

Elke verhaal het iets oor die kompleksiteit van Afrika te sê en veral die plek van 'n wit, middeljarige man op 'n postkoloniale kontinent ná apartheid; sy/hul soeke na identiteit en plek; en sy/hul worsteling met die verlede, waaraan hulle deur assosiasie aandadig is.

Dit is dié sorge wat die skrywer subtiel en genuanseerd verwoord in 'n knap bundel "stukke", wat so gefragmenteerd is soos sy tema.

Daar is ongelukkig 'n paar foute in die teks wat seker maar insluip wanneer 'n skrywer sy boek self uitgee. "Terig" in plaas van terug (bl. 6) en die verskillende spellings van Goodluck se naam is voorbeelde. Maar dit neem niks weg van hierdie intelligente, deurdagte bundel nie. – **Riaan Grobler**



# Ver in die wêreld Kitty

SANTIE VAN DER MERWE (LAPA UITGEWERS)

Daar is 'n sêding dat dit waarna jy die minste uitsien, gewoonlik die lekkerste is. In *Ver in die wêreld Kitty* van Santie van der Merwe is dit só. My entoesiasme met die optelslag was min, maar dit het 'n heerlike leeservaring geword. Die middeljarige Kitty en haar bejaarde ma, Gertruida, het nog nooit langs dieselfde vuur gesit nie, maar 'n geldverknorsing en 'n liefdesteleurstelling dwing Kitty van Londen terug Suid-Afrika toe om Gertruida ná 'n beroerte te versorg.

Net soos die titel begin elke hoofstuk met 'n liriek uit 'n bekende liedjie; jy neurie eers saam en duik dan weer in die storie in. Die karakters is lekker mense en 'n mens besef opnuut daar is altyd 'n rede hoekom jy is soos jy is en jou eie seer dikwels die rede is hoekom jy ander seermaak.

Gertruida is 'n moeilike tannie en in die brose seisoen van haar lewe leer Kitty 'n ander sy van haar ma ken.



Natuurlik kom die verkenningstog met stampe en stote, maar Gertruida is soos 'n ui. Om die lagies van 'n karakter een vir een af te skil is mos wat lees lekker maak. Kitty is 'n interessante karakter en dis duidelik dat die lewe haar somer van kleintyd af nie juis goedgesind was nie. Haar pad kruis ook met dié van haar ma se jonger buurman en dis gou duidelik dat 'n romanse broei.

Santie slaag daarin om in haar vierde roman 'n heerlike leesboek te skryf. Al wat pla, is 'n liefdestoneel tussen twee van die karakters. Haar woordkeuse laat jou wonder wat is erger: Om 'n ding op sy naam te noem of dit in spookasem toe te draai. Ek het ook soms langtand gekou aan al Kitty se deugde en dat haar hande vir letterlik niks skeefstaan nie. Maar die boek bied ontvlugting en uiteindelik is dit wat 'n mens soek ná 'n harde week op kantoor. – **Reza van Rooyen**

# die aarde is 'n eierblou ark

SUSAN SMITH (PROTEA BOEKHUIS)

In Susan Smith se debuutdigbundel, *in die afwesigheid van sin* (2012), is taal die bevestiging en bestendiging van menseverhoudings.

Haar tweede bundel toon 'n verskuiwing na die mens se verhouding tot die aarde en natuurlewe. Susan se aanvanklike omgewingsgedigte word nou 'n bundeltema; met taal steeds 'n kragtige, bevestigende instrument.

Dié unieke bydrae tot eko-poësie word deur vernuwende invalshoeke versterk. Die digter is een met die aarde (bl. 37) én met Pablo Neruda se onthou van dinge (voor in bundel; bl. 24). Soos die Sweedse digter-natuurkundige Carl Linnaeus teken sy die klankryke name aan van die “witkolvrugtevlermuis” en “swartpensglansspreu” (bl. 45; 72) waardeur sy vir hulle 'n singende “aanwesigheid” “oopmaak” (bl. 84; 78; 68).

Die aarde as sentrale gegewe is “eierblou” en volgens die digter dui die blou op broosheid. Die siek, weerlose aarde is in die hande van *homo sapiens* wat, ironies genoeg, “verstandige man” beteken, maar wat stukke aarde vir “14 miljoen en 'n 4x4” (bl. 87) verkoop.

Die mens en die aarde het elk sy eie alfabet en die mens praat net ván die aarde; nie mét haar nie. Ondanks hierdie miskenning suggereer die digter se eie skildery,



“Netwerk”, as bundelomslag dat mens en natuur interafhanklik is (slotreëls, bl. 62).

Die gedigte reik egter dieper as natuurbewaring. Deur herhaaldelike personifikasies word die aarde die versorgende Moeder. Die mens/aarde-verhouding word nog verder deur die Bybelse ark-metafoer gevoer. Die aarde is 'n ark “wat deur die melkweg veer” (bl. 12); 'n boot waarmee die mens op sy lewensreis vaar met water, diere, voëls, visse, oseane en strande as verwysingspunte. Bome is veral 'n herhalende motief, soos in die gedig

“blaarroetes”.

Die deurgaans klinkende name, metafore en ritme is skone genot en beeldryk en dit word duidelik dat die mens se taal en die aarde ook wedersyds ingebed is. Veral vir digters bevat die aarde as “knikkerneut” die “groeibegin van woorde”, terwyl “woordspane” die aarde stuur (bl. 12). Gedigte word “gekweek” en is dus aardgebonde.

Een met die skepping kry die digter se skeppingsgestalte in natuurbeelde. Vergelyk “die oortjies van die gedig” (bl. 49) en “in die takwerk sit verskrik / die rooi pels / van 'n jong gedig” (bl. 50). Die twee slotreëls is 'n samevattende triomf vir dié bedrewe bundel.

– **Marietjie du Plessis**